

Overbergse boere maak hul harte oop vir PA-landbouers

Marlene Malan

Altesame dertig reuse-vragmotors uit die Overberg, volgelaai met tonne veevoer, het Prins Albert op Saterdag 6 Februarie binnegedreun om boere van ons droogtegeeteisterde dorp by te staan.

Sowat 35 boere het om vieruur die oggend uit die distrikte Rivieronderend en Klipdale vertrek om die 400 kilometer af te lê vir die aflewing van 1,124 bale en 210 ton sakke veevoer. Die bale het bestaan uit 105 klein lusernbale, 200 hawerhooibale, 24 ronde bale garsstrooi, 405 blokbale gars en 390 blokbale koring. Die groep is vergesel van hul predikant, ds Johan Orsmond van die NG kerk Rivieronderend.

Die groep boere, onder aanvoering van Dirk Hanekom en André Botes, is ingewag deur ds Johan Botes van Prins Albert en talle boere van die omgewing, asook hul gesinne en plaaswerkers. Prins Albert se Landbougenootskap, onder volg op bl. 2/...




André Botes van die Overberg, saam met Mias Rossouw en Samie Luttig jr van Drie Riviere, Prins Albert, vier die groot voerskenking aan ons boere.

Foto: Marlene Malan

Brand-New Delivery Service in Prince Albert

Jonathan's Bike Deliveries

Barbara Castle



Crate securely welded onto the bike for smaller deliveries

Jonathan Hendriks (22) is the founder of a much needed new service in Prince Albert... *Jonathan's Bike Deliveries*. Having grown up in Prince Albert he knows his town, its people, its upsides and its downsides. And to him one of the biggest downsides has always been getting from one end of town to the other.

For people in North End, few of whom have their own transport, things are especially difficult. To shop, pay municipal bills, get medicine from the chemist, etc, means a long walk. There's no bus service, no affordable taxi service and certainly no "Takealot-type" delivery service.

"And there are so many elderly people longing to do things for themselves," Jonathan told the *Friend*, "but they aren't able... physically. Kids just don't want to help with the shopping and for the moms to carry heavy bags home isn't easy."

"I saw a gap in the market and the distress in our community. A 'gap' in the sense of an opportunity to maybe make
cont on pg. 3/...

NEWS/NUUS

van bl. 1/... Overbergse boere

voorsitterskap van Madri Rossouw, asook Samie Luttig jr, het die geleentheid gekoördineer.

Joseph Steyn, 'n boer van die omgewing, het tydens sy bedanking gesê die droogte "laat letsels aan jou siel. 'n Mens se gemoed skiet vol as jy sien hoe medeboere uit empatie 'n deel van hul vermoë aan ons afstaan. In dié situasie waarin ons nou is, is dit onmoontlik om 'n waarde te plaas op hul gebaar. Die grootste waarde is die heling van ons as mense."

Volgens Botes "het ek gehuil toe ek die eerste vragmotor sien aankom. Ek kan nie glo dat ander mense dít vir ons gemeenskap doen nie. Prins Albert kry weens die droogte op verskillende vlakke swaar."

Die dorp en omgewing is al sewe jaar lank in die ergste droogte in honderd jaar gewikkel. In Januarie verlede jaar het Prins Alberters moed geskep dat die droogte besig is om te breek toe dit in dié maand 52 mm gereën het – meer as die hele 2019. Prins Albert se gemiddelde jaarlike reënval is tussen 150 en 176 mm. Dr Sue Milton-Dean, 'n plantekoloog van die omgewing wat veral op veldherstel fokus, sê Februarie en Maart is van die beste reënmaande hier, met Julie tot September die swakste.

In Januarie vanjaar het daar plek-plek 'n paar druppels geval, maar middel-Februarie het daar omstrengt 20 mm geval. Die vorige goeie reëns was in November – sowat 35 mm.

Die reënval in nie-droogtetye is genoeg vir die ontkieming van somergrasse en plante soos soetdoring, koeniebos, ghwarrie en kruisbessie, sê Milton-Dean. Die huidige reënval is nie genoeg vir saailinge om te oorleef of vir Karoobossies wat wél oorleef het om weer uit te spruit en te blom – of vir die weidingskapasiteit om te herstel – nie. "Volledige veldherstel sal etlike jare duur."

Ander nabyleë dorpe wat steeds kwaai onder die droogte gebuk gaan, is Laingsburg, Leeu-Gamka, Merweville en Oudtshoorn. Waterbeperkings is oral ingestel.

Luidens 'n verklaring van Agri-Wes-Kaap gaan droogtehulp in die Sentraal-Karoo voort, ondanks reën wat tot dusver dié somer plek-plek hier geval het. "Groot dele het nog kritisies reën nodig en ervaar steeds erge droogtetoestande..

Jannie Strydom, uitvoerende hoof van Agri Wes-Kaap, sê hy voorsien dat droogtehulp aan die Klein- en Sentraal-Karoo nog lank gaan voortduur as daar nie binne die oorblywende paar weke van die somerreënseisoen harde neerslae hier val nie. "Die droogte in die Karoo is nie gebreek nie en ons is dankbaar vir elkeen wat tot ons Droogtehulpfonds bydra." ■



Een van die dertig vragmotors ry Prins Albert binne.

Foto: Marlene Malan

Prince Albert Friend/Vriend

Prince Albert Friend/Vriend

EDITORIAL/REDAKSIE

Editor/Redakteur: Barbara Castle

princealbertfriend@gmail.com

Layout & Design/Uitleg & Ontwerp:

Accounts & Distribution/Rekeninge & Verspreiding:

Adele Hattingh

princealbertfriendacc@gmail.com

Contributors/Medewerkers:

Andre Smith, Bokkie Botha, Case Reijdsdijk,

Cobus Buys, Derek Thomas, Don Jones,

June Hosford, Dr Judy Maguire,

Dr Juliette Whelpton, Johan Nel, John McKenna,

Jonathan Hendriks, Lydia Barrella, Melvin Dirkse,

Muschke Hendriks, Nicole Wicomb-Jantjies,

Petra April, Reneé Calitz, Siemon Joubert,

Waldo Jordaan, Waldon Everts

Head Office/Hoofkantoor

21 Church Street/Kerkstraat 21

SUBSCRIPTION/INTEKENING

11 Issues Annually / R280 p&p included

11 Uitgawes Jaarliks / R280 p&p ingesluit

BANKING DETAILS/BANKBESONDERHEDE:

Prince Albert Friend, ABSA Tak/Branch 334708

Acc/Rek 9075581210

Please use your name/inv nr as reference

Gebruik asb u naam of faktuur nr as verwysing

NO CASH DEPOSITS PLEASE

GEEN KONTANT DEPOSITOS ASB

DEADLINE/SPERDATUM

15TH OF THE PRECEEDING MONTH

15DE VAN DIE VOORAFGAANDE MAAND

SUBMISSIONS WELCOME/BYDRAES WELKOM

via e-mail to the editor

via e-pos aan die redakteur

EDITORIAL POLICY

The opinions in this publication are those of the individual authors and not those of the editorial team. All articles are subject to editing for grammar, style and length.

REDAKSIONELE BELEID

Die menings on die publikasie is die van die individuele skrywers en nie die van die redaksie nie.

Die grammatika, style n lengte van die artikels is onderworpe aan redigering.

Prince Albert Friend/Vriend
from pg. 1/.Delivery Service

something of my life and help my community at the same time. In April 2018 I came up with the idea of using a bicycle for home deliveries of groceries for people without their own transport.

"I've got a level 4 certificate for welding, and did a 4-year Curriculum Program at Oudtshoorn School Of Skills. So I constructed a biggish crate that I welded onto the carrier of my bike, and also a custom-designed trailer, with a greater capacity, that could be pulled by a bike. I started 'small' in October 2020... but the business has already grown to include two bicycles".

The service includes various 'deliveries' from exchanging library books and paying accounts to shopping for groceries. Every Wednesday Jonathan offers five free shopping deliveries for pensioners, as a service to the community.

When Jan van der Merwe joined *Jonathan's Bike Deliveries* the service was extended to cover the whole town from north to south. At present it costs around R30 per delivery but sometimes less depending on the size of the parcel and the distance to travel.

"If you have any questions or need a delivery," says Jonathan, "get in touch with us or even drop by, we are definitely

looking forward to seeing and hearing from you".

You can find *Jonathan's Bike Deliveries* at 17 Mossie Street in Rondomskrik or easily contactable on mobile/Whatsapp 076 842 2670, email hendriksjonathan56@gmail.com or on Facebook at *Jonathan's Bike Deliveries*. ■



Goods being carefully packed into the larger trailer.

Nieuwewerf
Enjoy the tranquility of Prince Albert
Contact us for rates and special offers
Meals are available on request from our in-house chef
tranquil luxury accessible self-catering

50 Nieuwe Street | Nieuwestraat 50
+27 (71) 095 1442 nieuwewerf@gmail.com www.nieuwewerf.com



Prince
Albert

CUSTOM BLINDS & AWNINGS

BLINDS
AWNINGS
SHUTTERS
SHADEPORTS


Outdoor Canvas Products



DROP BLINDS



PATIO
RETRACTABLE SHADE



CANVAS AWNINGS

We manufacture pool covers to order

We also offer:



Aluminium Venetian Blinds



Wooden Venetian Blinds



Roller Blinds



Shutters

Folding arms

Carports

We'll get you covered...

We also repair blinds and recover canvas products

DAVID LEVY | 073 082 4766 | pacustomblinds@gmail.com

Nuwe Prins Albert-predikantspaar leef hul roeping

Marlene Malan

Ds Philip Scholtz en sy vrou, Anneke, het begin Februarie by die NG gemeente Prins Albert ingeval ná die aftrede van ds Chris Briers. Hy sien sy beroep as 'n roeping, het hy aan ds Johan Botes, wat die afgelope maande hier waargeneem het, gesê.

Johan: Jou diens begin by ons te midde van al die grendeltydmaatreëls met al die beperkinge op die kerklike lewe. Kon ons jou nie maar net met 'n afstandsbediening benut het nie?

Philip: Baie dinge sou dark makliker gewees het, maar dit sou nie 'n bediening in die Bybelse sin wees nie. Die bou van verhoudinge in mekaar se teenwoordigheid, gasvryheid en saam aanbid in dieselfde gebou is nie iets wat die tegnologie kan bewerk nie. Ons leef en glo nie sommer elkeen op ons eie nie. Ons help mekaar glo en groei.

JB: Jy is geroep as herder en predikant. "Herder" is 'n Bybelse begrip: Wat verstaan jy daaronder?

PS: Dis om op alle vlakke in die gemeente die Woord te versprei en mense te help lei tot geestelike volwassenheid sodat ons saam as liggaam van Christus kan funksioneer. Preek en lei is belangrik; pastorale sorg onontbeerlik.

JB: Vertel vir ons iets van jou en Anneke se lewenspad.

PS: Ek is in 1957 in Outjo, Namibië, gebore, matrikuleer in 1974 aan die Hoërskool Mariental en ontvang my universiteitsopleiding op Stellenbosch. Ná legitimasie doen ek twee jaar diensplig. Ek behaal in 1984 'n M.Th in kliniese pastoraat. Anneke Terblanche is in 1960 op Oudtshoorn gebore. Sy matrikuleer aan die Hoërskool La Rochelle in die Paarl en behaal haar BA (HOD) aan die Universiteit Stellenbosch. Sy is 'n gekwalifiseerde hoërskoolonderwyseres, maar het die laaste 15 jaar by 'n ouditeursfirma gewerk. Ná voltooiing van my meestersgraad is ek in Senekal bevestig. Sewe jaar later word ek predikant van Durbanville-Uitsig waar ek die afgelope 28 jaar was. Ons het twee getroude kinders, Ester (Kotze) en Meyer, en is oupa en ouma van 'n babaseun. Anneke het 'n hart vir mense in nood en sien haar roeping as deel van die bediening waartoe die Here my geroep. Sy is opgewonde oor die nuwe hoofstuk van ons geestelike reis saam. Sy is 'n doener. Haar liefde is naaldwerk en om kreatief besig te wees. Sy het 'n groot liefde vir musiek en die natuur.

JB: Jy het altyd aan die studeer gebly. Vertel vir ons iets daaroor.

PS: Ek het verskillende kursusse gevolg om opgeskerp te bly. Pastorale sorgkursusse in al sy gestalte het my paraat gemaak vir elke uitdaging. Ek moes baie leer ter wille van die gemeentelike bediening, maar ook om die gemeente te laat verstaan dat die Evangelie vir die wye wêreld bedoel is.

JB: Ons is nie 'n gemeente met groot getalle nie, maar die variasie is groot. Wat behels versorging vir jou?

PS: Sorg aan alle ouderdomsgroepe is belangrik, hetsy dit begeleiding, groei of ondersteuning behels. Die hantering van krisispastoraat is noodsaaklik om weer uit te kom by 'n punt van vrede en hoop. Sonder omgee en gasvryheid kan die goedheid van God nie beleef word nie. Dwarsdeur my bediening het ek altyd 'n verantwoordelikheid gehad vir plaasbediening en tehuis vir behaardes.

JB: Hoe sien jy die verhouding met ander godsdienstige groepe en kerke?

PS: Ons as gereformeerde kerk het 'n unieke karakter, belydenis en liturgie. Ek het respek vir ander se oortuigings, veral as hulle saam met my bely dat Christus die Verlosser is. Die Verenigende Gereformeerde Kerk lê my na aan die hart. Ons deel 'n belydenisbasis. ■



*Ds Philip Scholtz en sy vrou, Anneke.
Foto: Marlene Malan*

Maatskaplike verslag oor vermeende moordenaar ingewag

Marlene Malan

'n Jeugdige van Noordeinde verskyn weer op 2 Maart in die plaaslike landdroshof weens die moord op die 27-jarige Veronica Baartman op Tweede Kersdag.

Sersant Nico April, kommunikasiehoof van die Prins Albert-polisie, het by navraag gesê die saak teen die dertienjarige seun is vir die tweede keer uitgestel, hangende 'n maatskaplike verslag. Die seun is sedert sy eerste hofverskyning in die sorg van sy ma vrygelaat.

Dit kom nadat 'n klagte op die middag van 26 Desember by Aalwynstraat 327 bygewoon is. Baartman is op die toneel dood gevind met 'n wond in haar nek. 'n Tiener is gearresteer nadat ooggetuies vertel het die oorledene en die seun met mekaar baklei. Die seun het einde Desember die eerste keer in die kinderhof verskyn op 'n aanklag van moord – daarna weer einde Januarie. ■

MUNISIPALITEIT van PRINS ALBERT

Rig alle korrespondensie aan:
DIE MUNISIPALE BESTUURDER
Privaatsak X53, Prins Albert, 6930

E-pos / E-mail: adminklerk@pamun.gov.za



KENNISGEWING NOMMER 21 / 2021

AANSOEK VIR DIE HERSONERING VAN ERF 276, KLIPSTRAAT 23, PRINS ALBERT

AANSOEKER/EIENAAR: SUSANNA JOHANNA DE WET

VERW. NO: PA276

EIENDOMSBESKRYWING: ERF 276, KLIPSTRAAT 23, PRINS ALBERT

BESKRYWING VAN VOORSTEL: Aansoek in terme van Artikel 15 (2) (c) van die Municipale Verordening op Grondgebruikbeplanning van die Prince Albert Municipaaliteit. Hierdie aansoek is vir die vergunning vir **Hersonering op Erf 276, Klipstraat 23, Prins Albert na Residensiële Sone V ten einde 'n bestaande Guesthuis te bedryf.**

Kennis geskied hiermee in terme van Artikel 45 van die Verordening op Municipale Grondgebruikbeplanning vir Prince Albert Municipaaliteit dat die bogenoemde aansoek ontvang is en ter insae lê gedurende weeksdae tussen 07h30 en 16h00 by die Kantoor van die Municipale Bestuurder, Kerkstraat 33, Prince Albert.

Enige skriftelike kommentaar in terme van Artikel 50 van die genoemde Verordening kan gerig word aan die **Municipale Bestuurder, Prince Albert Municipaaliteit, Privaatsak X53, Prince Albert, 6930, Faks No: 023 – 5411321, e-pos: adminklerk@pamun.gov.za** voor of op **DONDERDAG 1 APRIL 2021**, met vermelding van u naam, adres kontakbesonderhede, belang in die aansoek en redes vir kommentaar.

Telefoniese navrae kan gerig word aan die Municipale Bestuurder, **Me. Anneleen Vorster by Tel. No 023-5411320**. Die Municipaaliteit kan weier om kommentaar te aanvaar na die sluitingsdatum. Enige persoon wat nie kan skryf nie kan gedurende die kantoor ure van die Municipaaliteit na ondergemelde kantoor kom waar Mr Abridon Sass sodanige persoon sal help om sy/haar kommentaar en/of besware af te skryf.

A VORSTER
MUNISIPALE BESTUURDER
1 MAART 2021

This notice is also available in English on request.

Munisipale Kantore
Kerkstraat 33 • Privaatsak X53
PRINCE ALBERT 6930
Tel: (023) 5411 014
Faks: (023) 5411 321



Community Cycling Club

Waldon Everts

On 9th February twenty local cyclists, of all ages, attended a meeting at PACT POP Centre to get wheels turning... in a good way.

The reason for the meeting was to establish a community cycling club: *The Prince Albert Community Cycling Club*. An executive committee was elected in order to register the club officially. Once the registration process is finalised, members can then compete as a club in competitions and also obtain management and coaching license training.

The following members were elected to serve:

Waldon Everts – Chairperson
Jeremy Freemantle – Treasurer
Junatin Ceylon – Secretary

Membership is free for cyclists until December 2021, after which a small membership fee will be charged.

For any inquiries contact: Waldon Everts on 064 893 8728 or PACT POP Centre – 023 541 1066. ■

MUNICIPALITY of PRINCE ALBERT

Address all correspondence to:
THE MUNICIPAL MANAGER
Private Bag X53, Prince Albert, 6930

Tel 023-541 1320, Fax 023-541 1321

NOTICE NUMBER 21 / 021

APPLICATION FOR THE REZONING OF ERF 276, 23 KLIP STREET, PRINCE ALBERT

APPLICANT/OWNER: SUSANNA JOHANNA DE WET

REFERENCE NR: PA276

DESCRIPTION OF PROPERTY ERF 276, 23 KLIP STREET, PRINCE ALBERT

DETAILED DESCRIPTION OF PROPOSAL: Application in terms of Section 15(2)(c) of the Municipal Land Use Planning By Law for Prince Albert Municipality. This application is for a **Rezoning of Erf 276, 23 Klip Street, Prince Albert to Residential Zone V purposes in order to operate an existing Guest House.**

Notice is hereby given in terms of Section 45 of the Municipal Land Use Planning By - law for Prince Albert Municipality that the above application has been received and is open for inspection during weekdays between 07h30 and 16h00 at the Office of the Municipal Manager, 33 Church Street, Prince Albert.

Any written comments in terms of Section 50 of the said By - law may be directed to the **Municipal Manager, Prince Albert Municipality, Private Bag X53, Prince Albert, 6930, Fax No: 023 - 5411321, e-mail: adminklerk@pamun.gov.za** before or on **THURSDAY 1 APRIL 2021**, stating your name, address, contact details, interest in the application and reasons for comment.

Telephonic enquiries can be directed to the Municipal Manager, **Ms. Anneleen Vorster at Tel. No. 023-5411320**. The Municipality may refuse to accept comments after the closing date. Any person who is unable to write may come to the undermentioned office during office hours where Mr Abridon Sass will assist such person to transcribe his / her comments and / or objections.

A VORSTER
MUNICIPAL MANAGER
1 MARCH 2021

Hierdie kennisgewing is ook in Afrikaans beskikbaar op aanvraag

Municipal Offices
33 Church St. • Private Bag X53
PRINCE ALBERT 6930
Tel: (023) 5411 014
Fax: (023) 5411 321

Healing Through Horses

Dr Juliette Whelpton

"O h look!" 16yr old Melissa points at the foal running after his mother and older sister. Both the older horses are work animals ridden by two local shepherds in the Karoo town Philippolis.

"What's his name?" she asks them.

"*Hy het nie 'n naam nie,*" reply the shepherds and as they gallop away Melissa turns to me and says sadly "That foal is just like me. Mom and dad always go away and I am left alone. I wish I could talk with them. But they are just unreachable. They only work, work, work! I could just as well also be nameless."

"It is these kinds of metaphorical and symbolic attributes that horses project to humans. Which is why they are being used in counselling sessions and wellness retreats, in Philippolis and Pretoria" says Dr Juliette Whelton, of *Healing Hooves*.

Horses have the same feelings that we do – fear, anger, sadness and joy. When humans start to get curious about the horses' feelings they are, in fact, starting to learn about themselves and how they can start to build a relationship with their own feelings. Horses and humans are both social creatures and we learn much about life by being with them. They are big, beautiful and expressive. Their unpredictable nature sets up an environment where people are forced to move into a state of awareness, being present in the moment.

This awareness often comes with feelings of fear and anxiety, giving the facilitator the perfect situation in which to get clients to probe those feelings and start thinking about how they might handle them in a new way. Horses also provide feedback to what the client feels. Worried feelings will be transferred through a person's body causing breathing to speed up and the body to tense. This will be picked up by the horse, who is extremely sensitive to this kind of energy because, as a prey animal, the horse depends on flight as a primary means of survival. The horse will respond similarly.

From an evolutionary standpoint, humans have strived to maintain a relationship

with nature and all living systems, including horses. The role of horses might have changed, but throughout the centuries it has remained the source for symbolic attributes. The value of the horse is historically present in many narratives often making the horse an icon in humankind's own history, art, religion and mythology. The use of horses significantly affected the course of events in southern Africa. But while horses tend to be regarded with little importance today, they have an honoured place in our nation's story and we should never forget what we owed to horses in the past.

The Anglo-Boer War (1899-1902) had been a war notable for very heavy casualties among both humans and horses. The memory of those three tragic years will never be completely erased. Among the horses alone the casualty-rate was high 350,000 remounts died out of a total 520,000 animals which the British Remount Department in England, and in South Africa provided for war. While the losses on the Boer side are believed to have exceeded 100,000 horses. The memory of those animals is honoured in a memorial erected in Port Elizabeth, with the inscription:

"The greatness of a nation consists not so much in the number of its people or

the extent of its territory as in the extent and justice of its compassion."

It was this massacre of horses that led me to follow the century-old hoof prints of specific horses that were part of the war and so gave birth to the '*Heroes with Hooves*' book series. The stories, written for younger readers, are 'being told out of the horses mouths'.

Research for the fourth book is underway and will be about the beautiful grey Arab, Maharajah. He belonged to a British soldier in the Anglo-Boer War nicknamed *Galloping Jack* and the two of them galloped through many a Karoo town. ■

The books - in Afrikaans or English - can be bought online from
<https://groep7.co.za/whelpton-juliette/>



*The Horse Memorial in Port Elizabeth.
Photo: File*

PRINS-KEM
PHARMACY • APTEEK
Elsafie Pretorius - B.Sc. Pharm/Farm

Mon/Ma - Fri/Vry:	08:30 - 13:30
	14:30 - 18:00
Sat/Sa:	09:00 - 13:00
Sun/Son:	10:45 - 11:45
Holidays/ Vakansiedae:	09:00 - 12:00

Kerkstraat 83, Prince Albert
T: 023 5411 058 • 082 854 1303
F: 023 5411 337
E: prinskem@telkomsa.net

Altijd reg om
flinke en vriendelike
diens te lewer.

**NUUT
OP ONS RAKKE:**

 MANNATECH

 Placecol

 HANNON
MAKE UP | SKIN CARE



Karoo Night Sky - March

Case Rijsdijk

Prince Albert Friend/Vriend

The month starts with a waning Moon just before quarter, that becomes new on the 13th, with the first crescent becoming visible the following evening. The autumn equinox occurs on the 20th and is the time when there are as many hours of darkness, night, as there are daylight hours. Many regard this as the beginning of autumn, but we all know that the best days of the year are still ahead of us! Also from this day on, the Sun rises and sets progressively further north of east, and is lower in the midday sky each day, till the solstice in June. It is the time of year when the rate at which we lose daylight is decreasing at its fastest.

Away from the city lights, the evening sky is really good! The Milky Way stretches across the sky from northwest to southeast and is to me still a spectacular sight. Of course we are a part of that “city of stars” and thus can only see a part of it. Our Sun is one of over 200 billion others and is about 30 thousand light years away from the centre of our galaxy, which is hidden by dust, in the constellation of Sagittarius. After a short time when your eyes have adapted to the darkness large, black dust bands are visible in the Milky Way. Interestingly, the Australian Aborigines focus on these bands and “see” an Emu!

Pleiades (*isiLimela*) is now low above the northwestern horizon and Orion is losing its dominance in the northern sky. By month’s end it will be lying on its side just above the western horizon, with Sirius, unmistakably bright above it. If you look at around 19h15 only the brightest stars will be visible and this is an ideal time to try and identify them. The rectangular shape formed by Rigel, Sirius, Procyon and Betelgeuse was known as *Magakala* to the Tswana. When this grouping was visible in the early evening it was time to start harvesting crops. Another geometric shape, an equilateral triangle, known as the Great Southern Triangle, is formed by Sirius, very bright and high up in the north, the red giant Betelgeuse, rightmost star in Orion, and Procyon, the little Dog Star, to the right of Betelgeuse. Aldebaran, the reddish orange star to the upper right of *isiLimela* is also easily visible. Take a look an hour later and see how many more stars there are and how easy it is to recognize the brighter ones.



Diagram: Evening sky looking South at about 8pm from 19 - 23 March. Case Rijsdijk

Betelgeuse features in the geometry above and it is the largest star visible to the naked eye. If it were to replace the Sun, then the planets Mercury, Venus, Earth, Mars and possibly Jupiter would fit inside it! It has recently undergone some variations in brightness. It is a supergiant red star with a semiregular variance in brightness. The recent dimming of Betelgeuse is probably due to it emitting vast amounts of hot gas and dust, that cooled and so blocked its light from view. By January 2020 it appeared 2.5 times fainter than normal, but it is now returning to normal.

For the entire month there is a mini-celestial dance between Mercury, Jupiter and Saturn looking east. They will be joined by the Moon from 8 - 12 March. Make a cup of coffee and enjoy some of Nature's beauty! ■

Case Rijsdijk is a former president of the Astronomical Society of Southern Africa (ASSA) and current editor of the society's Journal *Monthly Notes of the ASSA* MNASSA.

PRINCE OF AFRICA

mohair

Cape Mohair + Hinterveld
super-soft blankets in the
most glorious colours.
Jerseys, beanies, yarn,
patterns, knitting needles,
scarves, shawls,
fingerless mitts
and SOCKS 'n SOCKS 'n
SOCKS!!!!!!

Victoria's gorgeous Baby Dolls
Roses and Daisy design pottery
Jewelry

SA and Western Cape maps

**SWARTBERG HOTEL
STOEP**

Open 7 days a week

Skooljaar 2021 begin uiteindelik!

Marlene Malan

Presies twee maande nadat Suid-Afrikaanse leerders se Desembervakansie begin het, kon hulle op Maandag 15 Februarie uiteindelik weer skool toe gaan. Dié vertraging in die heropening van die skole is veroorsaak deur die tweede Covid-19-vlaag en verlengde inperkingsmaatreëls.

In Prins Albert het skole op dié dag ook wettig geopen, met alle voorsorg wat getref is vir registrasie en aanmelding, sosiale afstand, die dra van maskers, die voorgeskrewe ruimte tussen skoolbanke en die sanitering van hande, meubels en ander gebruiksartikels.

By die opening van die private skool Christen Akademie het die hoof, Bianca Luttig, dié belangrike vrae gevra: Het die leerders sedert verlede jaar agter geraak het hul werk? Het hulle baie akademiese onderrig ingeboet?

Die antwoord is “nee”, volgens haar, omdat nie net onderwysers nie, maar ook die ouers, alles moontlik gedoen het om te sorg dat kinders byhou – en dit steeds doen. “Ons groei nie net in getalle nie, maar ons groei ook as mense – met almal wat ’n bydrae lewer tot mekaar se welsyn. Ek is baie bly oor elke kind wat vanoggend hier is. En ons ouers is fantasties. Hulle vertrou hul kosbaarste besittings aan ons toe. Ons dra met liefde by tot u kinders se groei. Vanjaar staan soos ’n skoon vel papier voor ons – ons skryf met trots daarop.”

Luttig het aangekondig dat die dorp se nuwe NG predikant se vrou, Anneke Scholtz, by die personeel aansluit vir die onderrig van Ekonomiese Bestuurswetenskappe. Sy het voorheen by hoërskole skoolgehou en was ook jare lank werkzaam in ’n ouditeurskantoor.

Haar eggenoot, Philip Scholtz, het gesê hy en sy vrou, is opgewonde om by die skool betrokke te wees.

Sy boodskap aan dié leerders – en alle leerders van Prins Albert – is om in 2021 te volhard, “om nooit tou op te goo nie. Ons is nie noodwendig met deursettingsvermoë gebore nie; dis iets wat jy soms moet inoefen. Hoe jonger jy begin vasbyt, hoe groter is die kans dat sukses gewaarborg sal word.”

Scholtz het Jakobus 1:2 as teksvers gebruik en gesê ook as Christen moet jy volhard “sodat jy tot volle geestelike ryheid sal ontwikkel”.

Volharding is ’n karaktereienskap wat eie is aan baie Prins Alberters wat die afgelope jare se droogte moes trotseer, volgens hom. ■



Die grondslagfasehoof, Bianca Luttig, saam met Judith Meyer en Given Meyer (graad 1)



Theonisia Deelman en Armand Freyzen (graad 2)



Minke Luttig, Chrystal Freyzen en Jané Marais.
Foto's: Marlene Malan

The Road to the 2021 Local Government Elections

Community Ownership

Melvin Dirkse

With the advent of democracy in South Africa in 1994 came the anticipation of political freedom and economic advancement for marginalised people. A real prospect of redemption for the majority of the citizens seemed imminent. There was an air of expectation and jubilation as the previously disenfranchised started to sense the meaning of a democratic society.

For the first time, masses of South Africans realised that their vote had the power to influence who their political leaders would be. The ability to vote was no longer an evasive dream but a constitutionally enshrined right.

Participation in this important civic responsibility gave the new voters a sense of purpose. Finally they were given the tools to become agents of change in their local communities.

Sadly many have since lost confidence in the voting process, growing weary of the pre-election promises by political parties. Widespread corruption and the perceived lack of prosecution against transgressing government officials have left many citizens questioning the purpose of the voting process. So it's time to inspire voters to again make use of their vote to elect responsible, accountable and ethical leaders in the upcoming municipal elections.

The 2021 Local Government elections will mark 27 years of democracy in South Africa and as a country, we must all recommit towards our common goal: a nation where all of us are winners, all of us have shelter, food and education. The American president Abraham Lincoln wisely stated, "*The ballot is stronger than the bullet.*"

May we all be moved to resolve the challenges in our local communities via the electoral process and not through the instigation of counter-productive and destructive actions. In the words of Nelson Mandela,

"Whether you stitch up wounds, cook the food or dispense the medicines, it is in your hands to help build a public service worthy of all those who gave their lives for the dream of democracy."

When a community is involved in the voting process, they have ownership of it and the decision-making process. Public participation is important to make sure that the government addresses the real needs of communities in the most appropriate way. Participation also helps to build an informed and responsible citizenry with a sense of ownership of government developments and projects. It allows municipalities to get buy-in and to develop partnerships with local stakeholders. Let us all prepare to vote and make our local communities great again! ■

Melvin Dirkse is a Development Coach with a private practice in Psychology & Education and also an Advisory Board Member of Department of Applied Legal Studies, Cape Peninsula University of Technology. Email: mdirkse@md-consulting.co.za

Contact details for ward councillors in the Prince Albert Municipality

Ward 1 Cllr Elsabé Maans cell: 060-847-2068
e: elsabemaans96@gmail.com

Ward 2 Cllr Linda Jaquet cell: 073- 213-3797
e: lkjaquet@mweb.co.za

Ward 3 Cllr Goliat Lottering cell: 079-444-7794
e: lottering.arantes5@gmail.com

Ward 4 Cllr Margrieta Jaftha cell:
072-909-9183 / 072-548-5358
e: margyjaf@gmail.com



Mont d'Or
SWARTBERG HOTEL

Accommodation | Victoria Room à la carte | Conferences
Spa | Gin Bar | Swimming Pool | Gym | Coffee Shop | Deli



UNIMOG TRIPS

Explore Prince Albert and the Swartberg Pass!

77 Church Street, Prince Albert | reservations@swartberghotel.co.za | 023 541 1332

KAROO NOTES AND RECORDS

The Saga of the Ostrich Part 3 of 4

Ostriches in the South African past

Dr J M Maguire - Palaeontologist

A large crate of fossils excavated from a cave at the Buxton Limeworks near Taung in Northwest arrived on the doorstep of Professor Raymond Dart in the spring of 1924. Opening it, he found the face, jaw and brain-cast of the first ape-man or australopithecine to be discovered, *Australopithecus africanus*, the specimen being that of a young child with a full set of milk teeth. Also in the crate, amongst other fossil bones and teeth dating to around 2.5 million years, were fossilised fragments of ostrich eggshell. Ostrich eggshell is amazingly durable and resistant to weathering, and fossilized ostrich eggs and eggshells from the Miocene Era have been recovered from Namibia.

There has thus been an intimate relationship between emerging humankind and ostriches in southern Africa from ape-man times onwards, through the Early, Middle and Later Stone Ages up to the present day. Ostriches, and particularly their eggs, would have been a valuable source of food from earliest times as attested by their eggshells frequently being found as part of the food residue in archaeological digs.

Apart from being used as food, ostrich eggs were also used as water-storage containers by the ancestors of the San or Bushmen and the Khoekhoe. A tiny hole was made in one end of the egg and plugged with a tightly twisted coil of fibrous plant rootlets to prevent spillage. The presence of eggshell fragments in an archaeological dig may simply indicate that eggs were broken to be used as food. However, some pieces show remnants of, or complete, carefully bored, and smoothed holes, the rim of a flask opening, indicating use as a water storage container. Decorated eggshells may have served as a means of identifying ownership of a particular flask. Excavations at Diepkloof Shelter overlooking the Verlorenvlei in the Western Cape suggest that such patterned ostrich eggshell water flasks may have been in use since the Middle Stone Age, dated at between 55 000 and 75 000 years before present (BP).

Where communities of hunting and gathering San still exist, ostrich eggshell water containers are still in use, although these are rapidly being replaced by ubiquitous plastic bottles. Free-ranging ostriches are also becoming scarce, and in future, such eggshell flasks are destined to become out-of-context artefacts in a museum collection.

Ostrich eggshell pieces were also made into beads. Ostrich eggshell beads dating from about 37 000 BP – the Middle Stone Age - have been recovered from Boomplaas Cave near the Cango Caves. The production of ostrich eggshell beads is a complex and time-consuming process, and their presence indicates a very human predilection for personal adornment – considered to be a ‘modern’ human behavioural trait.

Beads are worn as necklaces, bracelets, sewn onto clothing, headbands, tortoiseshell snuff-boxes and stitched in strings around the calves. They were often included as ‘grave goods’ in burials such as the Khoekhoe grave near Prince Albert, as were

whole ostrich eggs, sometimes filled with ochre or magnetite, two substances which were used ritually.

Ostriches feature prominently in the customs, beliefs and mythology of the San and are frequently depicted in San rock art, particularly engravings. When ostrich stories are told, the storyteller uses a special form of speech to denote the ostrich, which, because it hasn’t got a proper tongue, is unable to make the San language click sounds, much as children with no front teeth tend to lisp and say “Chrithmith” instead of Christmas.

Even dead ostriches could be useful – the San used to disguise themselves as ostriches when hunting by dressing up in branches and bunches of plumes, and by inserting a stick up the detached neck and head part of an ostrich before creeping up on unwary game.

To be continued.....



Engraving of ostriches using the pecking and scraping technique on dolerite boulder, Brandvlei, Northern Cape



Bushwomen collecting water in ostrich eggshell flasks



Bushman Ostrich-ruse: Disguised as an ostrich using a detached neck and feathers, a Bushman sneaks up on unsuspecting game, poisoned arrow handy



'n Keur uit Rose se versamelbrokkies

'n Privaat nuusbrief oor geskiedenis uit die Karoo

Met die goedgunstige toestemming van Rose Willis

Vertaling Cobus Buys

Uit die perd se bek

Toekomstige skole betrokke was, het ek in 'n klaskamer gesit en deur 'n Boereoorlogboek geblaai en materiaal gesoek vir 'n hoofstuk oor perde vir *Yeomen of the Karoo*. 'n Klein seuntjie loer oor my skouer en vra: "Kan die perde in die boek praat?" Wel, waarom nie? Al die perde in sy boeke kon praat. Na 'n paar jaar het ek 'n paar boeke oor die Anglo-Boereoorlog ontdek waarin die perde praat. Dit is die *Helde met hoewe-reeks* geskryf deur dr Juliette Whelpton. Hierin vertel 'n paar baie belangrike perde hul eie stories op grond van hul oorlogstyd-ervaring. Die een is *Fleur*, generaal Christiaan de Wet se getroue paadjie, die ander *Bokkie*, die legendariese Basoetoe-ponie van generaal Koos de la Rey en dan is daar generaal Louis Botha se manjifieke Boerperd, *Dapper*. Onder die ander helde wat regdeur die reeks hoefspore agterlaat, is *Malperd*, *Rooibok* en *Generaal*. Hierdie perde deel almal gedigte, liedjies, 'n magdom interessante feite oor hoe dit was om 'n 'oorlogsperd' te wees en betrokke by die oorlog - die vreugde van die oop veld, die angs van gevegte, die hongerpyne. Hierdie bekoorlike reeks word gewy aan al die onbesonge perdehelde van die oorlog waarin 500 000 van hulle gesterf het. Dit is histories akkuraat en perfek vir lesers van 9 tot 99. 'Dit is pragtige en oorspronklike verhale, medelydend en sensitiief vertel', het professor Fransjohan Pretorius gesê. Vir meer inligting kontak Juliette by karooartistscafe@gmail.com

Die perde was lewende geraamtes

Die verlies aan perde tydens die Anglo-Boereoorlog het soms vegters van beide kante tot wanhoop gebring. Vroeg in 1900, na die val van Bloemfontein, het 'n Britse offisier die aaklike toestand van die perde met empatie beskryf: 'Van kant tot kant het hierdie lewende geraamtes geslinger en hul agterpote gekruis as hulle gedwing word om te beweeg. In bondels vasgebind, leun hulle teen mekaar, en die in die middel stort inmekaa onder die druk. Hierdie wrakke van die oorlog, opdrifse van menslike passie en twis, hierdie hulpeloze slagoffers van 'n beleid van die grootste wreedheid en ernstige onreg, vrek in die honderde, "het die Markies van Anglesey geskryf in *A history of the British cavalry*.

droogte en die saad-reserwes onvrugbaar word soos tyd aan stap. Dit beteken dat generasies se plant spesies tans op die punt van uitwissing staan, selfs al sou die droogte gebreek word in die volgende jaar of twee. Die feit is, die saad-reserwes in die natuurlike omliggende veld is al vir so lank droog, dat die oorgrote meerderheid baie min waarde dra. Ongelukkig, beteken dit dat die veld moontlik vir honderde jare die letsels van die huidige droogte sal dra.

As jy jou eie tuin so inrig dat daar selfs net 'n handjie vol verskillende inheemse spesies hul ekologiese rol kan vervul, sal jy inderdaad 'n bydrae maak tot die grootskaalse bewaring van ons wêreld-bekende biodiversiteit. As jou plante saad vorm, sal die sterk middag-wind die saad self versprei tot in die omliggende gebiede (soortgelyk aan hoe plastiek sakke en rommel die veld ingewaai word). Hierdie saad word vasgevang in droë rivierbeddings, gras bolle, dooie takke, aardvark gate asookrots skeure en sal sodoende die natuurlike saadbanke aanvul. Nie net sal die natuurlike saadbanke aangevul word met die saad van bedreigde plant spesies nie, maar talle organismes sal uiteindelik weer 'n bron van voedsel ontvang.

Ek wil elkeen van die dorp se inwoners aanraai om uit te reik na die naaste kwekery vir verdere informasie. As elkeen slegs 'n klein bietjie moeite doen, belowe ek jou jy sal dit tien maal duisend keer terug ontvang. Ons is geseënd om in die beeldskone dorp te kan woon, daarom is dit ons verantwoordelikheid om in te spring en te help in tye van nood.

Sien gerus die volgende gids van plant spesies wat 'n aansienlike bydrae tot hierdie kwessie sal maak:

- Karooboerboon (*Schotia afra*) vir voëls
- Soetdoring (*Acacia karoo*) vir voëls en bye
- Ankerkaroo (*Pentzia incana*) vir skoenlappers, motte, hottentotsgot asook grond bedekking
- Spekboom (*Portulacaria africana*) vir algeheel beskerming teen die son
- Wolwedoring (*Lycium oxycarpum*) vir suikerbekkies, muisvoëls en bonthoutkappers
- Vygies vir bye, kewers en ander insekte ■

GEMEENSKAP/COMMUNITY



Karooboerboon (*Schotia afra*)



Ankerkaroo (*Pentzia incana*)



Wolwedoring (*Lycium oxycarpum*)



Wolwedoring Blom (*Lycium oxycarpum*)


PRINCE ALBERT
GARDENING SERVICES
garden rescues | garden maintenance
"We've got you covered"

MORE THAN A GARDEN SERVICE

- Lawn mowing
- Pool Maintenance
- Flower and veggie bedding maintenance
- Hedge cutting
- Cleaning of Gutters
- Cleaning of stoops and walkways

FEATURES

2x gardeners per service
We provide our own Gardening tools and equipment
Free pool ph level testing

Terms and Conditions apply
Contact Shaun Skaarnek on 0718961325 for a free quote

Prince Albert Access 50 e-Centre

Petra April - Sentrum administrateur

Die Prince Albert Access 50 e-Centre het tussen November en Desember 2020 deur gebou opgraderings en herstelwerk gegaan, en het op 11 Januarie 2021 weer heropen vir die publiek.

Die e-Centre word bedryf deur Petra April en Ruud-Gullit Lottering (assistent sentrum administrateur). Ons hoofdoel is om die gemeenskap te bemagtig d.m.v gratis toegang tot informasie en fasiliteite. Hier ingesluit is rekenaartoegang (tussen 45 minute en een uur), toegang tot die internet, afdrukke en drukwerke (10 bladsye per persoon per dag) asook geakkrediteerde rekenaarkursusse (e-Learner & ICDL).

e-Learner sluit die basiese rekenaarbeginsels in en moet eers voltooi word voordat 'n kandidaat kan oorgaan na ICDL wat die kandidate baie meer insig sal gee rekenaars en hul programme. Na elke kursus wat voltooi is word kandidate met 'n geakkrediteerde sertifikaat toegeken. Onvoltooide kursusse sal weereens hervat word sodra die e-Centre na normale operasionele ure terugkeer.

Ons operasionele ure is van 08:00 – 12:00 en 12:30 – 16:00. Tussen 12:00 en 12:30 sal die e-Centre gesluit wees. Ons laat tans ook nie meer as 50% kapasiteit besoekers toe in die gebou nie, wat dit baie meer veiliger maak vir ons gebruikers.

Prince Albert Access 50 e-Centre het alle Covid-19 veiligheidsmaatreëls in plek en dus mag geen besoeker die e-Centre binne tree sonder 'n masker nie. Ons het twee Covid-19 veldwerkers ontvang vanaf die Prince Albert Advies en Ontwikkelings Kantoor (PAAK), Ricardo Bezuidenhout en Jaun Square, wat ons daagliks assisteer in hierdie verband. As u die e-Centre binne tree sal hulle u temperatuur meet asook u hande saniteer.

Ons moedig almal van binne en buite die gemeenskap, oud en jonk om ons fasiliteite tot die maksimum te gebruik.

Kontak ons gerus vir verdere navrae rakend rekenaarkursusse asook enige inligting rakend die e-Centre. Epos: Princealbertaccess50.ecentre@gmail.com Sel: 071 349 6116 ■



(l-r) Ruud-Gullit Lottering (Assistent sentrum administrateur), Petra April (Sentrum administrateur). Foto: Ricardo Bezuidenhout (Covid-19 veldwerker)



(l-r) Jaun Square & Ricardo Bezuidenhout (Covid-19 veldwerkers) en Jonathan Hendriks (Jonathan's Bike Deliveries). Foto: Petra April (Sentrum administrateur).

Vetplantjies program

Muschke Hendriks - FARR gemeenskapswerker

In 2020 is die Vetplantjies “*little succulents*” stimulerings en ontwikkelingsprogram vir kinders met leeruitdagings en Fetale Alkohol Spektrum Afwykings (FASA) in ons projek geloods.

Hierdie 32 week program is ontwikkel deur een van FARR (*Foundation for Alcohol Related Research*) se psigometriste, Liska Bunge. Die doel van die program is om die kinders deur middel van spel (speletjies en pret aktiwiteite) te help in die areas wat hul vir formele skoolonderrig benodig.

Die sewe areas wat in die 32week program beurtelings aangeraak is, is onder meer:

1. groot motoriese vaardighede
2. fyn motoriese vaardighede
3. visuele persepsie
4. visuele motoriese integrasie
5. ouditiewe geheue
6. uitvoerende funksies
7. sosiale en emosionele ontwikkeling.

Vir my persoonlik, was hierdie program 'n baie groot uitdaging, omdat ek nie eintlik myself gesien het as iemand wat met kinders kan werk nie. Onder leiding van Liska het ek egter gegroei en voel ek deesdae heel gemaklik met die weeklikse aanbieding van die vooraf uitgewerkte program.

Aan die einde van 2019 het ons met die werwing van leerders vir hierdie program begin en vanaf Januarie het ons die program, sover moontlik, weekliks aangebied. Ons moes egter gereeld aanpassings aan die programtye maak en weer spesiale toestemming van die ouers verkry om van “lockdown fase 3” die program in ons kantoor vir twee leerders per sessie aan te bied. Normaalweg bied ons die lesse as groepsessies aan. Dit word Dinsdae in Prince Albert en Donderdae in Leeu-Gamka aangebied. Ons het tydens elke sessie 'n basiese roetine / patroon geskep, omdat roetine en struktuur kinders help om veilig en geborge te voel. Tydens die sessies word die waarneming deur die aanbieder (die gemeenskapswerker) en die projekkoördineerder gedoen. Waarnemings word dan na die psigometris, Liska Bunge, teruggegee.

Die voorgeskrewe gesondheids- en veiligheidsmaatreëls vir COVID-19 is deurentyd gevolg en die kinders se hande en die materiaal wat gebruik is, word telkens gewas / “gesanitise”. Die Vetplantjies kry telkens ietsie te ete, want niemand kan konsentreer wanneer hy/sy honger voel nie. Dan volg die voorgeskrewe program wat een of meer van die spesifieke ontwikkelingsveldelike aangeraak het en daarna is die sessies weer op 'n spesifieke formaat en met gepaste asemhalingsoefeninge afgesluit.

Ons is oopreg dankbaar vir beide die skoolhoofde, mnr. Delport van Prince Albert en mnr. Groenewald van Leeu-Gamka Primêr, vir hul behulpsaamheid en die geleentheid wat ons het om weer in 2021 die sessies by die onderskeie skole aan te bied. Dit is beslis vir ons baie makliker, wanneer dit by die skole aangebied word – aan die einde van die skooldag - omdat baie van die kinders “vergeet” van die sessies; of ver woon van ons kantore en dan nie betyds of glad nie by sessies opdaag nie.

Ons beplan ook om agt sessies met die ouers van die Vetplantjies te hou in 2021, waarvan 50% deur Liska en die ander helfte deur Christel Botes, Projekkoördineerder, aangebied sal word. As gevolg van COVID-19 en die beperkings wat daarmee saamgegaan het, kon ons net vier ouersessies in 2020 hou.

Dit is en was 'n groot voorreg om saam met u kinders in hierdie program te kan groei. U weet mos, vetplantjies is die geharde, klein, vasbyt-plantjies van ons wêreld, wat die mooiste blomme kan wys wanneer hul die nodige liefde of reënwater kry.

FARR, Prince Albert, wil graag hê dat elke klein vetplantjie sal groei om sy/haar volle potensiaal te kan bereik. ■

Uittreksel uit Muschke Hendriks se aanbieding tydens FARR se oggendtee in Desember verlede jaar



Muschke Hendriks (links) met FARR se uitvoerende hoof dr Leana Olivier by die oggendtee.
Foto: Moira Prins



MUNICIPAL LIBRARY
Prince Albert - Leeu-Gamka - Klaarstroom
Library Book Reviews/Biblioteekboekresensies

**DONKERDRIF**

Deon Meyer
Human & Rousseau

Deon Meyer kan 'n boeiende speur-/misdaadverhaal skryf wat jou meesleut. So is dit ook met sy jongste roman. Met die *usual suspects*: Bennie Griessel, Vaughn Cupido, en ander bekende randfigure.


Die verhaallyne – soos in spanningsverhale – wissel vinnig van een toneel na 'n volgende. En uiteindelik hou dit alles verband met gierigheid, een van die doodsondes.

Dit is duidelik dat die skrywer Steinhoff en Markus Jooste* as vertrekpunt gebruik om die verhaal van *nouveau riche* en inkommers op Stellenbosch naatloos te vertel.

'n Koelbloedige moord by die Kaapse Waterfront. Wat dalk verband hou met geheimsinnige brieue wat geskorste luitenant Bennie Griessel en Vaughn Cupido ontvang het. Maar eers moet Bennie-hulle op Stellenbosch soek na 'n student wat verdwyn het, en die spoor vat van die eiendomsagent wat die kooptransaksie van Donkerdrif, korporatiewe swendelaar Jasper Boonstra se peperduur wynplaas, behartig het. Stadigaan besef die speurders al hul ondersoeke het 'n gemene deler: die donkerste drif, gierigheid.

* Netwerk24 30 Oktober 2020: Markus Jooste is met R122 miljoen beboet vir oortredings van regulasies oor binnehandel met betrekking tot Steinhoff-aandele.

Donkerdrif (R320) is ook beskikbaar by Boekhuis, Meiringstraat 21. WhatsApp Marlene, 083 308 6305.



KING OF KINGS
Wilbur Smith
Zaffre Publishing

"I am the mouth of your Emperor Menelik, King of Kings, Lion of Judah, hear me! – With the help of God I will defend the inheritance of my forefathers and drive back the invader by force of arms."

When a jealous former lover destroys the happiness of Penrod Ballantyne and his fiancée, Amber Benbrook, their vision of a shared future shatters.

Searching for purpose, Amber travels to Abyssinia with her twin sister, Saffron, and her adventurer husband, Ryder Courtney. Seeking their fortune, they undertake the dangerous journey to Addis Ababa, but they soon find they may have risked losing everything to a powerful new ruler – Menelik II, the King of Kings.

Back in Cairo, a devastated Penrod seeks oblivion in the city's opium dens. He is rescued by an old friend, who is a member of the Italian army, and offered the chance to join the military effort. Italy has designs on Abyssinia, and there are rumours of a plan to invade...

With storm clouds gathering, and on opposing sides of the invasion, can Penrod and Amber find their way back to one another – against all the odds?

Wilbur Smith's two most powerful families, the Courtneys and the Ballantynes, meet once again in the long-awaited sequel to his worldwide bestseller, *The Triumph of the Sun*. ■

SWARTBERG SATELLITE SERVICES

(Since 1988)

We specialize in:

- Supply & installation of all DSTV equipment incl. extra view PVR.
- All maintenance, modifications and extensions.
- Repairs to TV, DVD, & Home Theatre.

Contact:

Johan Mulder
Petrus Bostander
Tel: 023 5411 985
Cell: 074 9131 613
082 4497 692



Let's Stop Gender-based Violence

This month the COVID pandemic will have been with us, and the rest of the world, for a year. We have all at some point heard, read or experienced the hardships since this deadly virus hit our shores. And many friends, family and colleagues have lost their jobs since lockdown crushed our economy.

So many lives have been affected socially and economically and we have seen our government allocating billions towards fighting the virus. What we have **not** seen is how lockdown impacted victims of the other pandemic in our country... that of Gender Based Violence (GBV). Nor have we seen measures being put in place to help those women who now have two pandemics to defend themselves and their families from.

Recently Amnesty International released a study entitled *Treated Like Furniture*. This study laid bare the level at which GBV has occurred across the continent, and the rise in domestic violence as families were forced into lockdown. Based on interviews with 26 women, by Women Human Rights Defenders (WHRD) and representatives of women's rights organisations, between May and July 2020. Countries covered were South Africa, Zimbabwe, Zambia, Mozambique and Madagascar.

The report criticises the Southern Africa Development Community (SADC) for not taking gender issues into consideration in responding to the Covid-19 pandemic.

Since President Cyril Ramaphosa announced the first nationwide lockdown which took effect on 26 March 2020, violence against women increased sharply across the country. By mid-June, 21 women and children had been killed by intimate partners. Just nine days into lockdown on April 3rd 2020 Police Minister Bheki Cele announced that 2,300 GBV cases had been recorded.

Yet as I read through the document, cross referencing it with all

the others I have studied, there is one thing that constantly bothers me. That although the number of violent cases reported is shockingly high, it certainly can't be accurate. It has to be far worse, as these numbers are only those cases actually reported. How many go unknown and unreported I wonder? Just how many women and children have not been heard and are not receiving the much needed protection. And that distresses me terribly.

The *Treated Like Furniture* study describes GBV as gender discrimination, the historically unequal power relations between women and men. A power that 'seriously inhibits women's ability to enjoy rights and freedoms on a basis of equality with men'. How do we undo centuries of unequal power relations to a point where wives, mothers and girlfriends no longer need to fear their men?

We have to do it ourselves. We have to know our rights and we have to stand up for them. Legislation is in place. We have the research that shows how to do it and what action is required. It is up to us to bring about the change ourselves. Let ours be that generation that ends it.

We have done it before and we can do it again if we stand together. Let us do what they did, in 1956: 'Let us go to Pretoria ourselves and protest to the Government against laws that oppress us'. If we don't do something, I fear for the country my daughter, and yours, has to grow up in. ■

Gender-based violence (GBV) is violence that is directed at an individual based on his or her biological sex OR gender identity. It includes physical, sexual, verbal, emotional, and psychological abuse, threats, coercion, and economic or educational deprivation, whether occurring in public, or private life.



Protesters wearing masks to protect against the coronavirus, during a gender-based violence protest outside Parliament in November 2020. Photo: Gallo Images/Nardus Engelbrecht



PRINCE ALBERT
Cultural Foundation ~ Kultuurstigting
A registered Conservation Body with Heritage Western Cape.
The Foundation strives to identify, protect, conserve & promote the
tangible and intangible cultural heritage of the town and district.
Telephone: 023 541 1515 - Registration No: HM/CB/0815/25

FRONTLINE

Tracing the mission and vision of the Prince Albert Cultural Foundation/Kultuurstigting 2002 - 2015

Derek Thomas

PRINCE ALBERT HERITAGE INVENTORY 2011: Excerpt 4 of 9

The purpose of the Heritage Inventory is to record, assess, grade and protect the unique cultural heritage of Prince Albert. Almost alone amongst the many rural Karoo towns and villages, Prince Albert has a legacy of diverse architectural styles reflecting its long history. From the time of Zacharias De Beer who settled the loan farm De Queekvallej in 1762 to the present day.

The five pillars of heritage

1. Landscape

Set against the backdrop of the Oudekloof Mountains and Swartberg range has to a major extent determined the history of the town, its character and sustained its economic and cultural life.

2. The Cultural Landscape

The cultural landscape of Prince Albert from the time of settlement up to the present day has been determined largely by judicious allocation of land. The village has developed on the dwyka tillite substrate and up to the edge of the paleo-terrace. The agricultural component occurs in the alluvial plain of the Dorps River which has generally been conserved for farming activity.

A special sense of place arises from the interrelationship between the built environment and the agricultural component, the farmland, the mountains and the wide open Karoo plains.

3. The Water Furrow System

Perennial water led from the mountain catchment is the lifeblood of the town and was present as far back as the 1770's, as evidenced by the irrigation furrow depicted in Gordon's water colour painting dated 1778.

4. The Built Environment

The town is virtually a living museum of Cape rural architecture, with the different styles existing side by side and reflecting consecutive stages of the town's development.

5. Historical Plantings


Historic hedges, traditional gardens, and old trees, many of which are older than 125 years, for example, the eucalyptus trees of Church Street, reflect the age of the town. The loss of any one of these historic plantings would impact on, and seriously undermine the heritage value of, not only of the individual inventoried properties, but of the town itself.

Of these, only the built environment can readily be inventoried and graded. Open space and undeveloped erven (often subdivided agricultural land), and historical plantings are difficult to grade according to current HWC grading guidelines, but are recommended for inclusion in the proposed Heritage Area.

Threats to heritage

- pressure to subdivide properties, particularly of town farms
- associated loss of open space
- loss of town farms and with them, loss of food security
- unauthorised transfer of water rights, in some instances, resulting in the sterilisation of 'dry' prime arable land and agricultural activity
- inappropriate infill structures which impact negatively on historical contexts and associated heritage assets
- inappropriate modification through alterations and demolitions with consequent loss of heritage significance
- inappropriate or obtrusive signage
- imposition of urban values in a rural context, gentrification (high street walls, palisades, automatic gates, large lawns,

cont. on pg. 33/...



Digital copies of the Heritage Inventory are available at the Fransie Pienaar Museum.

intrusive lighting)

- destruction of minor heritage elements which contribute to sense of place, such as traditional gates, fences, historical hedges, walls, avenues and smaller outbuildings
- younger families being unable to afford properties leading to a demography skewed in favour of the elderly and with high-priced properties being held by absentee owners
- apathy towards heritage protection in the public psyche and local authorities. Heritage advisory committees have been disbanded so that heritage structures are sometimes changed without the protection of the NHR Agency. ■

This retrospective is based on actual records, including digital, of the most active years to date of the Prince Albert Cultural Foundation/Kultuurstigting. The changes to what was once a resourceful town culture are like footprints in the sand, a metaphor for the town's fragile cultural landscape. This reality has inspired the mission of the PACF to promote an informed conservation vision for a sustainable future for the town. Dr Judy Maguire and Ivdia Barrella curate the PACF archive held at the Fransie Pienaar Museum



Still remembering Sandy Bower

As John and I think back on the years that Sandy was with us, we were blessed to have known a true Prince Alberter. How she immersed herself in a myriad of projects to improve the town and uplift its citizens.

As a physiotherapist and Pilates coach there was none better, and we clearly remember how determined she was to keep us oldies young, fit and upright! Her healing hands and magic needles were always there to relieve pain and put us back on track.

Each time we see litter in the veld and across the 'golf course' we are reminded of how hard Sandy worked as a volunteer with that wonderful recycling programme Pick-a-Piece.

Each time that we look at the paintings we have of hers, we are reminded of her talent as an artist.

Each time we walk along the main road and see the paintings of black cats on the kerbs we remember Sandy and Jennifer Cohen painting them for the street art festival.

We will both always remember Sandy and, like so many others in PA, will continue to miss her presence for years to come.

Sonja and John McKenna
Prince Albert

Protect municipal workers

With the COVID pandemic in full force, the risk of contamination to essential municipal workers in our sewerage and refuse removal divisions is very high. We need to protect these employees.

Therefore we request that all household refuse be placed in bags that have been put out in the sun for at least three days before they are put out for removal. The municipality will also no longer empty bins containing uncovered household waste and cannot recycle your refuse bag. In other words, the refuse collector will not dump your refuse bag's contents in the truck and return your bag. The risk of contamination is too high.

All households and businesses must ensure that waste is properly and safely stored in a covered bag to reduce the risk of contamination to staff.

Please help us to protect our workers. They, just like medical staff and police services, are our unsung heroes of Covid-19.

Anneleen Vorster
Municipal Manager: PA Municipality



WE NOW BRING THE SAME SERVICE EXCELLENCE AND ETHICAL VALUES TO
- PRINCE ALBERT -
44 CHURCH STREET @ PHOTO JAGGY

Wireless Internet	IT Hard- & Software	Layer2 Services
On-Site Support and Service	IP Cameras & CCTV	Webdesign
Enterprise WiFi	Branch Interconnect	Cloud Services & Hosting
Voice Over IP	Security Solutions	Turnkey Solutions

WE KNOW INTERNET

Tel: 023 007 0023 - E-Mail: contact@airparkbw.co.za
 71 Bird Street / PO Box 1122, Beaufort West 6970



Internet, WiFi & IT/ITC Service in the Karoo since 2007

ICASA License: 0467/IECNS/NOV/10 & 0467/IECS/NOV/10



**PRINCE ALBERT CUSTOM
BLINDS AND AWNINGS**

INSECT SCREENS
**FOR ALL TYPES OF WINDOWS,
DOORS & SLIDING DOORS.**
**UNWANTED VISITORS?
KEEP PESTS OUT! LET FRESH AIR IN...**

CORNER STAR
THE FLYSCREEN COMPANY

email: pacustomblinds@gmail.com
 TEL: 073 082 4766

A Man of Many Talents

Bokkie Botha

"I want to be a boxer. Can you help me?" Isak 'Sakkie' Moos - a smallish, tightly muscled young man with strikingly high cheekbones, tight jaw, and piercing eyes, asked me on the stoep outside my restaurant about nine years ago.

I guessed he probably thought he was talking to my father, a retired sportswriter and one-time professional boxer.

Although my father, Jack Botha, had trained South African champions, I am not a boxing coach but a boxing fan, and I knew there was little I could do for him.

But I was fired by his enthusiasm and, since I was planning a trip to Franschhoek to visit Hendry Kokkedoor Olivier (interned at the highly rated Pierneef restaurant), I invited Sakkie to go with me. We arranged to visit the only professional boxing academy in Cape Town, and ask the owner to rate him. And rate Sakkie they did, saying they were prepared to train him if he could get a job in the Cape. But that was not to be.

On the way back through Franschhoek we fetched Hendry's partner Nesie and their young son, Matthew. And that's when we were all treated to another of Sakkie's talents... story-telling. Matthew, sitting on Sakkie's lap, listened intently to those stories. They were about animals in the bush and mountains, hilarious stories about baboons walking like people, stealing crops and sad stories too.

Matthew laughing hysterically and also getting sad tears in

his eyes. It reminded me of a very young Frances van Hasselt telling Roald Dahl stories to rapt young audiences on the museum lawn, and to Olyffe visitors.

A versatile man, Sakkie has worked on many of the farms in the area. From fig and blueberry farms, to cutting and bagging onion seeds, baling lucerne and more. For instance, not all town-dwellers will be aware of the pig-pens on the West side of town, but Sakkie keeps and raises pigs there. He has also pruned, shaped and cut trees and shrubs all over Prince Albert. An excellent cyclist, he assists with John Swanepoel's cycling events, and is regularly seen riding into the Pass.

Sakkie knows the mountains and the wild animals in the bush and is always first to spot the game when out riding. He makes an excellent 'tourist' guide speaking both English and Afrikaans with a thorough knowledge of the town. And that's not all... visit the Prince Albert Gallery and you will find Sakkie's artwork made from beaten tin cans, continuing Outa Lappies' "maak iets uit niks" legacy.

There's nothing that Sakkie Moos won't take on and execute with dedicated energy. So if you want a job well done get in touch with him. You'll find Sakkie at 22 Kwikkie Street, behind the PACT POP Centre, or call him on 072 972 9905. ■



Sakkie Moos with his artwork on display in the Prince Albert Gallery. Photo: Bokkie Botha



de Jagers

Loodgieter
Kontrakteurs

-CELEBRATING -
- 25 YEARS -

SAND • SEMENT • KLIP

JoJo Tanks
THE FUTURE OF WATER



AFROX
*handi*gas



KONTAK ONS
DE JAGERS LOODGIETERS

VOORTREKKERSTR. 4, BEAUFORT-WES

023 414 4353

admin@dejagersbw.co.za


GRATIS KWOTASIES IN DORPSGEBIED

Loodgieters beskikbaar
NA URE : 083 282 8507/8
NA URE : 082 7836 567

24/7

D E
L O O D G I E T E R S
J A G E R S
H A N D E L

deel ruimte buite vir die reis na binne

Ge-affilieer met The Quiet Garden Movement. www.quietgarden.org

Daily routes

- Prince Albert
- De Rust
- Oudtshoorn
- George

Mondays to Fridays
Office hours 8am - 5pm

Karoo Route: Once a week

• Drie Susters	• Loxton
• Victoria Wes	• Williston
• Carnarvon	• Fraserburg
• Sutherland	• Laingsburg

Cell: 082 44 79 140
Fax: 023 5411 471
E-mail: tfvervoer@gmail.com

Van reën in die Karoo

Renee Calitz

mens ruik die mooiste Karoo-musiek vóór dit gehoor word... half-onwillig; asof die stowwige 'sê-nou-disnie-waar-nie'-deuntjie tereg oorheers.

En dan ritsel die partituur tog!

Die stoftrap-dansie dwarrel ligoets verby, terwyl mens ore spits om te hoor of dit net 'n skraal ou 'ouverture-tjie-tot-niks' gaan bly.

In die Karoo meet mens reën in druppels per vierkante meter. Mens hou met ingehoue asem dop of die spatsels tog uiteindelik aan mekaar gaan begin raak - en of die droë oppervlakte van die 'kontinente' op die 'wêreldkaart' van die stoep in 'oseane' gaan verander?

Saam met die geel-soet geur van die doringbome se Poeierkwassblommetjies het die *petrichor** wel gisteraand tot 'n simfonie saamgesmelt. Dit hét gereën! Selfs 'Noag se ark' kon nie meer uitgewys word op die blinknat stoep-oseaan nie...

Hardloop ons nog buite toe met uitgestrekte arms – om die druppels te voel kerplaks! op die gesig....en om dankie te wys? Erken en herken ons nog die wonderwerk van water wat onverdiend uit die lug uit val?

So dikwels praat ons van iets 'wat nie uit die lug uit val nie' (of wat nie op mens se rug groei nie)...sonder om die omvang hiervan hoegenaamd te onthou. Regtig. Water, die noodsaaklikste lewensmiddel en die grootste bestanddeel van ons liggame – wat ons self nie kan vervaardig nie (selfs "*Made in China*" kry dit nie reg nie!), val sommer goedsmoeds uit die lug uit; sonder triplikaat aansoeke, tenderdokumente, korupsie-knoeiwerk, óf eerlike verdienste – bloot uit onvoorspelbare genade.

En die slimme mens – wat alles kan ontleed en bestudeer tot in die fynste DNA helix – moet steeds die knie buig voor die on-makbare kleinood, water. En verlangend die wolke dophou. En smagtend smeek. En ondergaan. En vervloek. En verwens... En soms onwillig verras word. Net soms. Veral in die Karoo.

Soms word die klip-harte van die Karoo tog deur die 'goddelike lewensbloed' versag. Soms vermurwe ons strak-masker-gesigte tog deur die geur van soetdoring-en-nat-stof. En huis omdat ons dit nie kan beplan, bestel, ontwerp, bou, saai, of die "remote control" vies en ongeërg herhaaldelik kan druk totdat die reënkanal begin speel nie. Verdomp.

Selfs die klippe roep dit uit! ■

*Petrichor is the earthy scent produced when rain falls on dry soil. The word is constructed from Greek, *petra*, "rock" or *petros*, "stone", and *ichor*, the fluid that flows in the veins of the gods in Greek mythology. (Wikipedia).



FRANSIE PIENAAR MUSEUM

The Fransie Pienaar Museum, which was awarded the best museum in the Western Cape in 2017, is the guardian of the history of Prince Albert. The antiques and artefacts on display were largely collected by Fransie Pienaar (b. 1898). There are also exhibitions on the Swartberg Pass, Gamkaskloof (Die Hel), the Stone Age and fossils. Tel 023 5411172

Curator: Lydia Barrella

Prince Albert At The Foot Of Swartberg History Calendar 1762 - 2011

Timeline from the book compiled by Frieda Haak now on sale at the museum.

1791 21 Jan: The only child of the marriage between Johan Raubenheimer and Dina van Dyk, widow of Zagarias de Beer, is born at De Kweekvallei and named after his father. He was the ancestor of all the Raubenheimers in South Africa.

1841 15 Apr: The loan farm De Kweekvallei is granted on perpetual quitrent to Stephanus Johannes and Gert Lodewyk Botma. Other farms in the area that were granted at the same time are Baviaanskloof, Angelierbos, Bloemendaal, Scholtskloof, Damascus, Frischgewaagt is Half Gewonne, Weltevrede, Vyevlei, Wolwekraal, Swartbulletjie (Swartbult), Klipfontein, Stinkfontein and Seekoegat.

1841 14 Dec: Prince Albert, after whom our town is named, consort of Queen Victoria dies.

1861: The gaol is built and the first jailer, J C Clarke, is succeeded by W Simking.

1861 Apr: John Dyason and his son acquire the shop on the corner of Church and Pastorie streets. (It later became J C Forsyth's famous shop and today is Pep Stores).

1871: The Anglican Church school is built and also used for church services. (Today it is used as the church hall).

1871 13 Feb: A plot in De Beer street for use as a cemetery for the Anglican Church members is registered in the name of the Diocese of Cape Town.

1881: A Village Management Board is established and consists of Jan Luttig, Zaag de Beer and Jan Haak.

1881 19 Jan: Jan Luttig is elected member of the Lower House of Parliament.

1881 10 Feb: The Civil Commissioner Rainier plants the blue gum trees in Church street.

1881 Jul: Mrs Eksteen becomes the owner of the hotel and names it Exteens Hotel.

1881 Jul: Jan Haak is awarded the contract for the postal service between Prince Albert Road and Prince Albert. The farm Botterkraal is the halfway house where coffee can be enjoyed.

1881 1 Nov: John Tassie begins construction of Swartberg Pass.

1891: The Victoria Hotel opens on the Oudtshoorn side of the Swartberg Pass.

1891 Apr: A shepherd, Jan Koerries, finds a gold nugget weighing nearly 11 grams on the farm Klein Waterval. Thomas Bain is sent by the Cape Government to investigate, and after he submits his report two goldfields are proclaimed in July 1891 on the farms Spreeufontein and Klein Waterval. 1,042 claims were registered.

1901 24 Dec: Prince Albert is proclaimed a municipality. The council comprises nine members, three from each ward. The staff consists of a town clerk who also acts as treasurer and one male clerk has to handle all clerical work.

1921: A proposal by Dr P C Luttig that Afrikaans replace Dutch in Prince Albert's schools is accepted by the school committee.

1921 10 Aug: The blue gum trees in Church Street grow too high and the branches are chopped down and sold as firewood.

cont on pg. 39/.

from pg. 38/.Museum

1931 1 Mar: The local Health Committee agrees to the appointment of the first nurse, Sister Ballot.

1951: K D Haak sells the family home, The Oaks, (today the Fransie Pienaar Museum) to the Municipal Health Committee who turn it into a nursing home.

1951: The beloved shop owner J C Forsyth dies at the age of 83.

1961: Mark Street is tarred.

1971: The work of the artist and teacher, Hekkie Moos, is exhibited by the South African Graphic Artists Organisation in Belgium, Holland and Germany.

1981 8 May: The new police station is opened by Minister Louis le Grange.

2001 5 Oct: At the yearly congress of the Suid Afrikaanse Vereeniging vir Kultuurgeskiedenis, in Mosselbay, Helena Marincowitz is honoured for her research and contribution to heritage in South Africa.

2001 13 Oct: A commemorative plaque, in honour of Boer-commander Gideon Scheepers, is unveiled on the farm Koppieskraal where he was captured by the British on 11 October 1901.

2011 Jun: The National Afrikaans Film Festival is inaugurated at the Showroom.

2011 7 Jul: Outa Lappies (Jan Schoeman), activist and artist, dies at age 83 from burn wounds after his patchwork coat caught fire. ■



Outa Lappies in his trademark coat.

Photo: Gudrun Toelstede





MUNISIPALE VERKIESINGS VIND LATER VANJAAR PLAAS

**ONS HET NIE WEER 'N OPPORTUNISTIESE KGP /
ANC KOALISIE IN PRINS ALBERT NODIG NIE.
OM DIT TE VOORKOM MOET DIE DA 'N
VOLSTREKTE MEERDERHEID BEHAAL.**

**U SAL SLEGS KAN STEM AS U OP DIE KIESERSLYS IN
DIE STEMDISTRIK WAARIN U WOON GEREGSTREER IS**



IS U GEREGSTREER OM TE STEM?

SMS u ID-nommer na **32810** om uit te vind



WAT BENODIG U OM TE REGISTREER?

U groen strepieskode-ID-boek of u slimkaart-ID



HOE KAN U REGISTREER?

Kontak die DA-kantoor by **074 260 5409** of die plaaslike OVK-kantoor by **023 541 1670** gedurende werksure



MOET U HERREGISTREER?

U moet weer registreer om te stem indien:

- U sedert die laaste verkiesing verhuis het
- U buite die stemdistrik waarin u woon geregistreer is

Bevestig of u weer moet registreer by **CHECK.DA.ORG.ZA**